# Die Herberg

“Sameul, die sout is amper op.” Anna kyk benoud na die vol tafels en dan na hom. Die ywerige eters en drinkers sit die herberg stampvol. Hulle is besig verby. Nog vleis. Nog wyn. Buite brand die vure hoog en die skape draai op die spit.

Sy seuns hardloop soos hupse bokrammetjies rond om almal te bedien. Elkeen met ‘n mes of iets dergeliks aan die sy. Met die hoop geld in die trommel toegesluit kan hulle nie te versigtig wees nie.

Sameul ignoreer sy oudste seun se onderlangse kyke in sy rigting. Hy weet die seun sal sy mond stil hou. Vir ‘n ruk in elk geval.

“Ek sal ‘n plan maak,” steun Sameul. Die sweet tap hom behoorlik af terwyl hy die vaatjie wyn nader stoei. Hy ontwyk haar indringende kyk nogmaals.

Vir nou is dit beter as sy niks weet nie.

***

Hy was op sy laaste bene net twee weke terug. Knieë deur gebid. Sy geloof het gestruikel soos ‘n dors kameel in ‘n klipperige woestyn. Die pad verby die herberg was besig, maar min reisigers het hier aangedoen. Die twee stede was minder as ‘n dagreis verder en meeste wou deurdruk soontoe.

Met goeie rede. Die stede was berug: wyn, kase, vleis, dobbel, los vrouens. Die sondaars het omtrent met kwyl om die mond verby gespoed. Net hier en daar het iemand iets ligs geëet en gedrink, dan haas hulle weer verder.

Sy besigheid het agteruit geboer. En toe raak dinge heeltemal gek.

Dit het begin met die windstorms, die donderweer en die groot brand gloed op die horison.  Hulle was almal bang daai aand.

Die volgende oggend is hy en sy oudste seun vroeg die veld in om te gaan kyk. In die gloed se rigting. Twee donkies met die waentjie het saam gegaan, mens weet mos nooit wat jy dalk kan kry nie.

Iets het hom geroep. Hy moes net sien wat daar aan die gebeur is.

***

Hulle is albei doodmoeg van die oggend se toonklap deur die vuurwarm veld. Selfs die twee donkies begin steeks raak. Sy seun klim voor hom oor die koppie en swets hardop. Hy kyk verskrik om na sy pa. Hy weet Sameul duld nie growwe taalgebruik nie.

Maar Sameul staar net oorbluf na die toneel voor hom. Op die horison sien hy die twee stede. Of eerder, wat oor is daarvan. Albei lyk soos twee groot swart ashope. Voor hom strek die vlakte uit, meestal swart gebrand.

“Kom ons gaan kyk. Miskien kan ons iemand help.” Sy seun kyk onseker na hom, maar volg gedwee.

Met die son wat hoog sit, is hulle eindelik naby genoeg. Maar die roet, die hitte en die verlorenheid van die hele omgewing het hulle – en die donkies – laat vassteek. Die ergste vir hom was die stilte. Geen voëls, geen diere, geen mense nie. Niks. Net die swart verskroeide aarde en die warm son.

Sy seun sak op sy knieë met ‘n snik. Hy maak sy maag leeg, net daar langs die donkies. Dan tref dit vir Sameul. Die soet reuk van verbrande vleis is oral om hulle. Van sy dae in die oorlog herken hy dit. Mensvleis wat verkool is. Hy ril onwillekeurig.

“Kom ons loop.” Hy draai woordeloos om en stap vinnig weg. Die donkies het vir een keer in hulle lewens geen aanmoediging nodig nie.

“Pa, wat is dit daardie?” Sy seun wys na bondel diere in die vlakte. Hulle loop versigtig nader en kyk die situasie fyn uit.

Sameul sug verlig. “Dit is net ‘n trop skape wat rondom iets vergader is.” Daar is seker meer as ‘n honderd van hulle. Die helfte van die trop staan dors langs ‘n waterput en wag ongeduldig om hulle dors te les. Sy geoefende oog kan sien hulle wag al lank en die meeste se monde is wit van die dors. Die ander klomp koek in ‘n bondel saam en verstoot mekaar omtrent om iets te eet op die grond.

“Trek water uit die put vir die krip. Hulle is op hul laaste bene.” Terwyl sy seun behendig die water optrek en die krip volmaak, loop hy nader na die wriemelende klomp skape. Hy moet hulle omtrent uit die pad stoot. Op die grond sien hy waaraan hulle eet. Of eerder ywerig lek.

Hy verstar. Hy staan lank doodstil. Hy wip van die skrik as sy seun langs hom praat.

“Pa, is dit... is dit....” Maar hy kry nie die regte woorde uit nie.

“Ek dink... ja, ek dink dit moet wees.” Sameul buk af en krap met sy vingernael en sit dit in sy mond. Dit bevestig sy vermoedens. Sy maag draai ‘n keer of twee. Maar hy beheer homself.

Hy sit lank en staar. Sy gedagtes werk oortyd.

“Seun. Hier is wat ek dink.” Hy staan op en sit sy hand vertroulik op sy seun se skouer. “Almal hier is dood. Ek weet nie hoe of hoekom nie. Maar hulle is weg. Hier is geen lewende siel nie.”

Sy seun luister maar lewer nie kommentaar nie. Hy ken sy pa se stemtoon te goed.

“Dis ons plig om die diere te red. Hulle moet saamkom na die herberg. Ons kan hulle versorg.”

Sy seun knik versigtig. Hy wil omdraai om die skape aan te keer, maar Sameul vat hom vas aan sy arm. "Help my eers hier. Ons gaan dit saamvat." Sy seun kyk hom ongelowig aan. "Bring die donkies nader en dan laai ons dit op."

***

Laat die aand arriveer hulle voetseer by die herberg. Die skape pas omtrent net in sy kamp en hy kyk trots na die groot trop.

Hulle bêre die fonds veilig in die stoorkamer agter die herberg waar hy sy beste wyn en proviand wegsluit. Hy gooi dit toe met 'n ou kombers.

Vanuit die herberg hoor hy 'n klomp harde stemme. Bekommerd loop Sameul vinnig na die voordeur en pluk dit oop. Hy en sy seun staan oorbluf en staar na die toneel voor hulle.

By drie tafels sit reisigers. Lawaaierig besig om te eet en drink. Dit is meer klante op een aand as wat hulle deesdae in 'n maand sien.

"Waar was julle so lank?" raas Anna in die verbygaan. Haar arms is vol borde kos. Maar hy kan sien sy is meer opgewonde as kwaad. "Kom help hier. Die gaste soek nog wyn."

"Seun, maak jou self handig hier binne, ek sal nog wyn uithaal." Hy leun nader en voeg sagter by. "En hou jou mond. Dit is ons geheim vir nou."

***

Die volgende week is chaos. Die besoekers het van 'n klein stroompie in 'n stortvloed verander. Almal stowwerig, moeg en vol swart roet. Soos aasvoëls kom hulle van heinde en verre om te aas by die verbrande stede.

Sy herberg is die enigste slaap en eetplek vir myle. Almal moet inspring. Skaap slag. Vuur maak. Wynvaatjies nader rol. Diere voer. Beddegoed was. Die geld wat inrol.

“Hou op droom, Sameul!” Sy vrou stamp hom hard op sy skouer. “Sout! Nog sout, hoeveel keer moet ek nog vra?” Maar haar oë vonkel. Anna is trots op hom en die seuns. Oor die skape. Die geld.

Maar oor sy fonds weet sy nog niks. Hy weet eenvoudig nie hoe om dit met haar te deel nie. Sy sal dit in elk geval net ‘n gebed saak maak.  Netnou vertel die Here vir haar ‘n ander storie as wat ou Samuel nou nodig het om te glo.

Hy loop moeg na die stoorkamer. Kyk rond maar dit is stil hier agter. Hy sluit die deur oop. Glip na binne. Hy neem die byl en trek die kombers af. Kyk fronsend. Sy was definitief aanvallig gewees. Watter deel sal hy hierdie keer fynmaak?

Hy kap hard en tel die stuk sout op.

Met die omdraai sien hy die beweging agter hom.

In die deur staan Anna. Haar mond beweeg geluidloos. Oop en toe. Soos ‘n vis in die vissersnette by die see van Galilea. Haar oë dartel van die fonds na die stuk sout in sy hande.

In sy hand is ‘n perfekte linkerarm van goddelike suiwer sout.

Agter hom gluur die vroue soutstandbeeld sonder arms beskuldigend na sy agterkop.

***